Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

2019 ons Jubeljaar

Vir 50 jaar saam op pad

Vanjaar word Helderberg Gemeente 50 jaar oud; nee, anders gestel: Vir 50 jaar loop die Here 'n pad met ons. Soos Israel van ouds kondig ons ook die Jubeljaar aan.

Met die Jubeljaar wil ons veral op twee goed fokus:

- Ons gaan feesvier. Elke erediens, elke Bybelstudie, elke vergadering, elke omgeegroep, ens is eintlik 'n geleentheid om fees te vier. En wat vier ons: Ons vier die teenwoordigheid van God, ons verlossing in die Here Jesus Christus, die pad wat die Here met ons loop. Ons vier ons dissipelskap en maak ander deel van ons feesvieringe. Ons vier ook ons saamwees en die pad wat ons met mekaar en ander kan loop.
- Ons maak reg wat verkeerd is. Daar was in die tyd van Israel duidelike voorskrifte oor wat tydens die Jubeljaar reggestel moes word. 'n Jubeljaar is 'n tyd van selfondersoek. Daar is ook groot uitdagings waarvoor Helderberg Gemeente staan. Is ons waarlik kerk, die liggaam van Jesus Christus, vir die tyd en omgewing waarin ons nou is? As gevolg van 'n tekort aan finansies skeep ons ook die noodsaaklike instandhouding en verbetering van ons fasiliteite af en het ons nie 'n reserwefonds nie. Dit is ook nie verantwoordelike rentmeesterskap nie.

Mag ons aan die einde van 2019 terugkyk en bly sê: Dit was waarlik 'n geseënde Jubeljaar. Ons het feesgevier en reggestel wat nie reg is nie.

Daarom skop ons hierdie Jubeljaar Sondag af met "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is…" (Matt 5:3). Of "Gelukkig is die armes van Gees wat aan hulle behoort die koninkryk van die hemele."

Sondag 13 Januarie

Op pad met God: Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is
Matt 5:3

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Famieliebediening

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - 13378y83L

Sondag 20 Januarie

Op pad met God: Geseënd is die wat treur
Matt 5:4

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Hannes Jansen van Vuuren - kanker
Paul Swanepoel - beroerte
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Drieka King - gordelroos
Botha Marais - herstel na operasie
Hannes Theron - tweede knievervanging (eerste was in Desember gewees)

Rou:
Ons dink aan Hennie Groenewald en sy familie met sy pa wat oorlede is.
Louis Kampher is ook oorlede.

Kom bid saam met ons elke Dinsdagoggend van 06:00 - 06:45 in die Tent

Die week:

Dinsdag 15 Januarie
06:00 Kom bid saam - Tent

Woensdag 16 Januarie
Doopregistrasie vir Februarie sluit
10:00 DIY-oggend

Donderdag 17 Januarie
09:30 Bybelstudie gesamentlik - Kapel
18:45 Kantory oefen

Dagboek

14 Januarie - **Helderberg Beradingsentrum** maak oop

16 Januarie - **Doopregistrasie** vir Februarie-dope sluit.
Kontak asseblief so gou moontlik vir Grazie by ontvangs@nghelder.co.za indien jy in Februarie wil doop.

16 Januarie - **DIY-oggend**
Kom gerus en word deel van ons DIY-oggend in die Tent van 10:00-12:00

Hoop Geloofsgemeenskap

Hoop Geloofsgemeenskap is ‘n inisiatief van Helderberg Gemeente om op ‘n vars manier kerk te wees vir die groeiende gemeenskap in die omgewing van Croydon en Sitari. Dienste word Sondae om 09:00 in die Curro Sitari skoolsaal gehou. Veral mense wat in dié omgewing woon, is baie wekom. Vir meer inligting, maak ‘n Sondag daar ‘n draai, of kontak Danie Möller by 083 375 8444

Dissipelskap retraite

Ons lang verwagte besoek aan Deon Loots, die skrywer van “Die wese van Dissipelskap” reeks, is op hande.

Ons gaan van Donderdag 31 Januarie tot Sondag 3 Februarie ‘n “restourasie retraite” met Deon as begeleier doen. Hierdie retraite fokus volgens Deon op jou eie heelwording en verhouding met God, sodat jy as vry mens tot eer van God kan leef. Dit gaan veral saam met Modules 1 en 2 van “Die Wese van Dissipelskap”. Dit is ‘n unieke geleentheid vir almal wat ‘n pad met hierdie dissipelskapmateriaal geloop het. Enigeen is egter welkom om dit by te woon.

Ons vertrek Donderdagoggend 07:00 na die Deon Loots se Shama Retraite Sentrum net buite Steytlerville. Ons ry saam in Helderberg Uitreik se bussie en is Sondagaand weer terug.

Die koste is R1 700 per persoon, (vervoer, verblyf, kos en handleiding ingesluit). Dit is ‘n baie goeie belegging in tyd en in geld in jou lewe. Bespreek jou plek so gou moontlik.

Kontak: Corius Visser 082 453 4636 of Danie Möller 083 375 8444

Phuket-uitreik 2019

Bring jou talent en kom saam op die uitreik na die *Asia Center Foundation* in Phuket Thailand van 18 Maart tot 1 April 2019. Alle kundigheid word benodig! Veral praktiese werk, IT, web-ontwikkeling, onderwyskundigheid, fotografie, berading, Engelse klasse, bestuursleiding, kuns, sportbediening en dissipelskap en Bybelstudie, ens, ens.
Vir meer inligting, kontal asb Louise Theron by 021-851 6929 of louise@nghelder.co.za

Op jul merke gereed ... Jeugaksie begin

Hartlik welkom aan ons kleuters, graad 1 – 6'e en ons tieners.

Ons Jeug behandel saam met die gemeente dieselfde kwartaaltema: Op pad met God. Ons is opgewonde om saam met ons ouers die jeug geestelik te versorg en vanjaar te fokus om, soos Jesus, verhoudings te bou en ligdraers in hierdie wêreld te wees.

Kleuters, Kiddiekerk en Tekkiekerk vind gelyktydig tydens die informele diens om 9:30 plaas. Die lokaal indelings is as volg:

Kleuters (3 – 6 jaar): Kleuterkerksentrum in Efese en Patmos
Kleuters MOET persoonlik deur 'n ouer in-en-uitgeteken word en kan ongelukkig nie deur 'n boetie/sussie kom haal word nie.

Graad 1, 2 & 3: Joppe
Graad 1's bly in Joppe en MOET asb. deur die ouers kom haal word.

Graad 4 – 6: Jeugsentrum

Die graad 2 tot 6'e gaan nà die dienste na hul onderskeie klaskamers waar hul groepleier gesprekvoering aanmoedig en fasiliteer. *Reël asb. vooraf waar jy jou kind na die tyd kry.* Groepleiers sal deur die loop van die jaar met die ouers kommunikeer dmw Whatsapp-groepe.

Tienerkerk begin vanaand om 18:00 in die Kerkruim en daarna volg die dissipelskapgroepe tot 20:00.

Wil jy ook betrokke raak by ons Jeugbediening?
Kontak vir Annette by
fbadmin@nghelder.co.za of
021-851 5582

helloHELDERBERG

HelloHelderberg wil die jaar afskop deur lidmate te help om ander te leer ken. Omdat ons ‘n groot gemeente is, is daar mense wie se paaie amper nooit kruis nie. Deur kleiner groepe te skep kan ons help om meer mense met mekaar in kontak te bring. Op Sondag 20 Januarie gaan daar lyste in die Tent wees waar jy jou naam kan opskryf en aandui waarin jy belangstel bv fotografie, kunsgroep, leesklub, stafgroep en vele meer.

Enige persoon wat ‘n klub of groep wil begin of belangstel om deel van een te raak kan my kontak by aanbidding@nghelder.co.za.
Kom raak deel hiervan om nuwe verhoudinge te help skep.

helloHELDERBERG

HelloHelderberg wil jou nooi om deel van ons gasvryheidsbediening te word. Almal met 'n passie en gawe om ander te dien en te bedien is welkom. Dit verg slegs een kwalifikasie - 'n vriendelike glimlag. Die gasvryheidsbediening wil alle gemeentelede betrek, van die jong werkende jeug tot die seniors.

Daar is verskeie plekke waar jy betrokke kan raak:

- Ons baristaspan wat die koffiemasjien beman – ons sal jou leer hoe om ‘n lekker *cappuccino* te maak.
- Die verwelkomingspan wat lidmate voor die dienste by die deure verwelkom en tydens die teedrink in die tent tuis laat voel. Hulle help ook nuwe lidmate inskakel.
- Die kombuisspan wat help met voorbereiding vir Sondagverkope, funksies en teeskink by begrafnisse.
- Die span wat help met reëlings vir verskillende funksies en fondsinsamelings soos die Herfs- en Lentemakietie, gemeentebraai, wynproe ens.

Kom gesels met ons en sit koppe bymekaar met enige ander voorstelle wat jy het wat ons kan help om ‘n gasvrye gemeente te wees waar almal deel van die Helderbergfamilie voel.
Kontak ons gerus by hellohelderberg@gmail.com.

Groepleiers vir Jeugaksie 2019

Jongmense, ouers, oumas en oupas word uitgenooi om fasiliteerder te word van ‘n kleingroep. Is jou hart by die graad 1 – 3’s of by gr 4 – 6 of gr 7 – 11 of dalk by die Kleuterkerk? Kontak vir Annette Botha 072 189 9360 of die kerkkantoor 021-851 5582

Ondersteuning aan gemeenskap van Wupperthal

Meer as 70 huishoudings is intens geraak toe ’n brand onlangs in die sendingdorpie Wupperthal uitgebreek het.

Altesaam 53 huise het afgebrand, terwyl 20 broodwinners hul werk verloor het by besighede wat deur die brand verwoes is. Die huishoudings wat geraak is, sluit onder andere vyf pasgebore babas in.

Voortspruitend uit ’n gesprek met die kontakpersoon van die Morawiese Kerk in Wupperthal en samesprekings met die Sinode van Wes-Kaapland, wil Helderberg Uitreik die gemeenskap van Wupperthal graag bystaan met die volgende behoeftes wat geïdentifiseer is: formulemelk vir babas, babadoeke (0 tot 3 maande, en ouer) en sanitêre ware vir vroue.

Daar sal vir die volgende twee Sondae (13 en 20 Januarie) ’n boks in die voorportaal van die kerk wees waarin mense hul bydraes kan plaas. Bydraes kan ook deur die loop van die week by die kerkkantoor afgelaai word. Finansiële bydraes kan aan Helderberg Uitreik gemaak word, met die verwysing: Wupperthal. Art 18A kwitansie sal op aanvraag gegee word.

’n Besoek aan Wupperthal word in die vooruitsig gestel binne die volgende paar weke. Die doel van hierdie besoek sal wees om die skenkings af te laai, om ’n verdere behoeftebepaling te doen en om saam met die Sinode van Wes-Kaapland die plaaslike geloofsgemeenskap se groete en seënwense aan die gemeenskap van Wupperthal oor te dra. Meer besonderhede hieroor volg binnekort.

Vir meer inligting, kontak projekleier Pia Nänny by 083 289 4876.

Helderberg UITREIK

Raak dood, egskeiding of enkel-ouerskap jou gesin?

Harmony projek bied 2 keer per jaar die GriefShare, DivorceCare, DC4Kids en Single&Parenting kursusse aan. Dit is 'n inter-kerklike program gegrond op Bybelse waardes om persone en gesinne te help met die dood van 'n geliefde, egskeiding of enkel ouerskap. Ons volgende 13 weke siklus begin weer Donderdag, 15 Februarie. Ons eet vanaf om 17:30 saam en om 18:00 – 20:00 word die onderskeie programme aangebied.

GriefShare is 'n ondersteuningsgroep vir persone wat 'n lewensmaat, kind, familielid of vriend aan die dood afgestaan het. Hier word jy toegerus vir die pad en proses van rou en verstáán mense mekaar.

Divorce Care is gerig op enigiemand wat in die proses van egskeiding of wat reeds geskei is. Jy kry waardevolle hulpmiddels om jou te help deur die pynlike proses en om weer jou lewe te herbou. Terselfdertyd kry jy ondersteuning by mense wat ook deur dit gaan en verstaan.

Dalk is jy 'n enkelouer - waarskynlik moeg, oorweldig en voel jy onbevoeg. Die **Single&Parenting**-groep help jou om weer hoop te vind en toegerus te word in enkel-ouerskap. Jy ontwikkel ook betekenisvolle vriendskappe met ander enkel-ouers wat net soos jy, moeg is vir die chaotiese dae en die nimmer eindigende lys van take en pligte. Julle kry hier die geleentheid om ander te leer ken sodat julle mekaar kan ondersteun en bemoedig en ook uit mekaar se situasies kan leer.

Tydens die DC en S&P programme word die kinders (ouderdom 3-13) bedien met **DivorceCare4Kids**. Tydens die weeklikse sessies kry kinders die kans om vriende te maak met ander wat ook dieselfde omstandighede het. 'n Kombinasie van musiek, speletjies en handwerkaktiwiteite word gebruik om die kinders weer bewus te maak van God se liefde te midde van hul pynvolle gesinsituasie.

Kry gerus 'n brosjure met meer inligting by die kerkkantoor of lees meer op ons webblad **http://www.nghelder.co.za/** of op **http://www.churchinitiative.org/.** Moenie alleen hierdie pynlike pad loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun. Enigeen is welkom, ook nie-lidmate.

Kontak ons ook gerus as jy op 'n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur.

Rig enige navrae aan harmonyhelderberg@gmail.com
Projekleier: Annette Botha

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfons

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*